LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word
Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

**23 September 2021**

**Geagte Ouers**

**OUERBRIEF 3 VAN 2021**

**Uit die Pen van die Hoof**

In die artikel wat Johan Smith met ons skool gedeel het, lees ek hierdie ware woorde raak en ek deel dit graag met u as ouers.

Wanneer jy na die wêreld kyk waarin jou kind moet grootword, is dit genoeg om jou yskoud te laat word. Daar is soveel geweld en bitter min liefde. Sedes, norme en waardes bestaan vir baie min mense. Dronkenskap en die nare gesinsgeweld en ander gevolge daarvan, is algemeen. Dekadensie (om te val) is aan die orde van die dag. Die internet is 'n gevaarlike speel- en besoekplek as jy dit nie verantwoordelik doen nie. Ja, jy voel soms jou kind word soos ’n skaap vir die wolwe gegooi. In hierdie verwoestende wêreld is gebed vir jou kind baie belangrik, selfs onontbeerlik.

As ouer kan jy wonderlike bemoediging kry uit die verhaal van die Kanaänitiese vrou en haar dogter wat in die mag van die duiwel was (Matteus 15). Die ma het opreg en aanhoudend by die Here gepleit en aanvanklik geen antwoord gekry nie. Sy het egter aangehou en vasgehou aan die Here en geglo die Here sal haar kind red ... en Hy het!

Lees gerus Matteus 15 vers 28:

*“Weet jy, jou geloof is baie groot,” het Jesus haar toe geantwoord. “Ek sal jou wens waar maak. ” Van daardie oomblik af was haar dogter gesond.*

Op baie plekke in die Bybel gee God die versekering dat Hy wil hê geen mens moet verlore gaan nie. Hy wil hê elke mens, ook elke kind, moet gered word. Het jy as ouer al met opregtheid, volharding en smeking na God gegaan en gepleit vir jou kind? Indien daar nog geen vrug is nie, hou aan. Bid jou kind terug na God toe. Bid gedurig vir jou kind se bewaring van die Bose.

Dis belangrik dat Pa en Ma saam voor die Here kom en saam hulle kinders aan die Here opdra. Bid vir hulle in hulle bepaalde omstandighede. Bid vir hulle vriende en toekomstige lewensmaat. Julle gebede kan die verskil maak.

Tot volgende keer
Mnr Human

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

**SOMERSDRAG**

Die lente is verseker hier en ons weet dat ons Lardies opgewonde is om weer somersdrag aan te trek. Ons oorgangsfase na somersdrag eindig op Vrydag, 1 Oktober 2021. Vanaf Maandag, 11 Oktober 2021 mag leerders slegs somers skooldrag aantrek. Die drimac of fleecy baadjie mag gedra word op koeler dae.
Lardie Klerewinkel beskik oor genoegsame voorraad om die leerders uit te rus.
Neem asseblief kennis dat Lardie Klerewinkel gedurende die vakansie gesluit sal wees en weer open op Maandag, 11 Oktober 2021 per afspraak. Kontak Me Belinda Castelyn vir ‘n afspraak deur ‘n WhatsApp te stuur na 083 779 9150.

**LARDIE OORBELLE**

In 2018 het ons dit goed gedink om ons eie unieke Lardie oorbelle te laat maak vir die dogters. Eenvormigheid t.o.v. skooldrag en juwele skep altyd ‘n goeie beeld en samehorigheid onder leerders. Ons doen ’n vriendelike beroep op ons dogters om asseblief die Lardie oorbelle te dra as deel van hul skooluitrusting. Slegs die Gr. 7 dogters mag die hang oorbelle dra en die ronde oorbelle is vir alle dogters. Gr. 7 leerders is ook welkom om die ronde oorbelle te dra indien dit hul voorkeur is.

Kostes vir die oorbelle beloop R80 per stel en betaling geskied slegs deur middel van die d6 Connect toepassing. Die betaling opsie kan gevind word onder u dogter se naam - Betalings - Betaal fooie en projekte - Lardie Oorbelle.
Die oorbelle sal op Woensdae aan die dogters uitgedeel word.

**GR. 4 - 7 RAPPORTE**

Na ‘n besige kwartaal en lang toetsreeks is die vakansie amper in sig. Ons weet dat die leerders hard gewerk het en uitsien na ‘n welverdiende ruskans. Die leerders ontvang op Vrydag, 1 Oktober 2021 hul rapporte vir kwartaal 3. Indien u kind nie op 1 Oktober by die skool gaan wees nie, versoek ons dat u ‘n e-pos aan die

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

registeronderwyser sal stuur sodat u kind se rapport ge-epos kan word. Oueraande sal weer virtueel plaasvind in kwartaal 4.

**EKSTRA KLASSE**

Alle ekstra klasse eindig op Donderdag, 23 September 2021, leerders sal weer in kennis gestel word wie die ekstra klasse in kwartaal 4 moet bywoon.

**LARDIE INRY**

Baie dankie aan al die ouers en leerders wat die Lardie Inry bygewoon het, ons glo dat u en u gesin dit terdeë geniet het. Ons Lardie gemeenskap het net weer gewys dat niks hul onder kry nie, nie eens die WIND nie!!!

Dit was ‘n voorreg vir ons personeel om persoonlik die heerlike kos en verversings by ons ouers en leerders te kon aflewer en die taak was sommer baie makliker en vinniger gemaak deur die Tentco trollie. Baie dankie aan Mnr Werner Page vir die groot borgskap van die aflewerings trollies. Op Woensdag, 29 September 2021 sal daar ‘n gelukkige trekking gehou word vir al die ouers en personeel wat kaartjies vir die Inry gekoop het. U staan dus ‘n kans om een van vier van die trollies te kan wen. Die wenners van die aflewerings trollies sal telefonies in kennis gestel word.

**LARDIE TALENTKOMPETISIE**

Ons “Lardies got Talent “ kompetisie is goed op dreef. Dis heerlik om al die talente van ons Lardies op die wyse te beleef. Indien leerders nog wil deelneem aan hierdie unieke kompetisie moet hulle opskud en inskryf voor Woensdag, 29 September 2021.

Die laaste datum vir indiening van die video’s is Woensdag, 29 September 2021. Die eerste rondte se stemming sluit op 10 Oktober en die finaliste se name word op Vrydag, 15 Oktober 2021 aangekondig. Vanaf 16 tot 22 Oktober vind die tweede

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

rondte stemming van die finaliste plaas en op Vrydag, 29 Oktober 2021 word die wenners aangekondig. Hou asseblief aan met stem vir ons pragtige leerders!

**BLOEDSKENK**

Ons bied graag weer 'n bloedskenk geleentheid aan vir ons Lardie ouers en gemeenskap. Dit vind plaas op Woesdag, 29 September 2021 vanaf 10:00 tot 16:00. 'n Verrassingspakkie wag op die klas wie die meeste ouers het wat op die dag kom bloed skenk.

Toegang tot die terrein is by Hek 3 in Versterstraat en streng Covid protokol sal gevolg word.

Uit ondervinding weet ons dat ons personeel en ouers hul moue sal oprol vir die belangrike saak.

**SENIOR KOOR**

Die Senior Koor het op Dinsdag, 14 September 2021 deelgeneem aan die Applous Koorkompetisie. Dit was voorwaar 'n hoogtepunt op die kalender en die Senior Koor het hulself weer oortref. Die koor ontvang GOUD wat voorwaar 'n uitstekende prestasie is. Ons is trots op elke koorlid wat ten spyte van moeilike omstandighede so goed gevaar het. Ongelukkig bied Applous nie vanjaar 'n Finaal aan nie, as gevolg van Covid-19.

**LANDLOOP**

**Uitslae Liga 2 - 19 Augustus 2021**

**Dogters 0/8**

- Marli de Beer - 1ste plek
- Nadine Opperman - 3de plek
- Carli vd Westhuizen - 4de plek

**Seuns 0/8**

- IW Ferreira - 2de plek
- Ruben-Roy Opperman 4de plek

**Dogters 0/9**

- Misha Jacobsz - 4de plek
- Marzaan Schoeman - 5de plek

**Seuns 0/9**

- NJ Ras - 7de plek
- Dieter Verster - 8ste plek

**Dogters 0/10**

- Lumari de Beer - 1ste plek

**Seuns 0/10**

- Nico Gildenhuys - 6de plek

**Dogters 0/11**

- Lané vd Westhuizen 1ste plek

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

**Seuns 0/12**

- Josh Lee - 2de plek
- Michael Mundt - 5de plek
- Phillip van Heerden - 7de plek

**Seuns 0/12**

- Marius Venter - 9de plek

**Dogters 0/13**

- Mia Perold - 7de plek

**SA KAMPIOENSKAPPE - AMANZIMTOTI 17 SEPTEMBER 2021**

Baie geluk aan die landloop atlete wat op Vrydag, 17 September 2021 aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe te Amanzimtoti deelgeneem het. Die atlete het skitterend gevaar.

- Lea van der Merwe het ‘n 1ste plek verwerf.
- Marli de Beer het ‘n 4de plek verwerf.
- Nadine Opperman het ‘n 13de plek verwerf.
- IW Ferreira het ‘n 3de plek verwerf.
- Ruben-Roy Opperman het ‘n 8ste plek behaal.
- Misha Jacobsz het ‘n 8ste plek verwerf.
- Lumari de Beer het ‘n 6de plek behaal.
- Lané van der Westhuizen het ‘n 4de plek verwerf.
- Josh Lee het ‘n 6de plek verwerf.
- Michael Mundt het ‘n 11de plek verwerf.

**KRIEKET**

**Krieket uitslae is soos volg:**
**20 Augustus 2021**
0/10B verloor met 4 paaltjies teen L/s Menlopark
0/11B wen met 57 lopies teen L/s Menlopark

**23 Augustus 2021**
0/12B wen met 7 paaltjies teen L/s Anton van Wouw
0/13B verloor met 7 paaltjies teen L/s Anton van Wouw

**24 Augustus 2021**
0/12A wen met 65 lopies teen L/s Anton van Wouw
0/13A verloor met 6 paaltjies teen L/s Anton van Wouw

**25 Augustus 2021**
0/9A wen met 8 paaltjies teen L/s Anton van Wouw
0/9B wen met 78 lopies teen L/s Anton van Wouw

**26 Augustus 2021**
0/10A wen met 88 lopies teen L/s Anton van Wouw

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

0/11A wen met 76 lopies teen L/s Anton van Wouw

**27 Augustus 2021**
0/10B wen met 6 paaltjies teen L/s Anton van Wouw
0/11B wen met 6 paaltjies teen L/s Anton van Wouw

**30 Augustus 2021**
0/12B wen met 7 paaltjies teen L/s Louis Leipoldt
0/13B verloor met 10 paaltjies teen L/s Louis Leipoldt

**31 Augustus 2021**
0/12A wen met 9 paaltjies teen L/s Louis Leipoldt

**1 September 2021**
0/9A wen met 125 lopies teen L/s Louis Leipoldt
0/9B wen met 10 paaltjies teen L/s Louis Leipoldt
0/13A wen met 7 paaltjies teen L/s Louis Leipoldt

**2 September 2021**
0/10A wen met 7 paaltjies teen L/s Louis Leipoldt
0/11A wen met 9 paaltjies teen L/s Louis Leipoldt

**3 September 2021**
0/10B wen met 7 paaltjies teen L/s Louis Leipoldt
0/11B wen met 8 paaltjies teen L/s Louis Leipoldt

**6 September 2021**
0/12B wen met 8 paaltjies teen L/s Monumentpark
0/13B verloor met 5 paaltjies teen L/s Monumentpark

**7 September 2021**
0/12A wen met 58 lopies teen L/s Monumentpark
0/13A verloor met 130 lopies teen L/s Monumentpark

**8 September 2021**
0/9A wen met 158 lopies teen L/s Monumentpark
0/9B wen met 10 paaltjies teen L/s Monumentpark
0/11A verloor met 53 lopies teen L/s Lynnwood

**9 September 2021**
0/10A wen met 49 lopies teen L/s Monumentpark
0/11A wen met 132 lopies teen L/s Monumentpark

**10 September 2021**
0/10B wen met 10 paaltjies teen L/s Monumentpark
0/11B wen met 150 lopies teen L/s Monumentpark
0/11A verloor met 72 lopies teen L/s Constantiapark

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

**14 September 2021**
0/12B wen met 9 paaltjies teen L/s Tygerpoort
0/13B verloor met 52 lopies teen L/s Tygerpoort
0/11A verloor met 52 lopies teen L/s Tygerpoort
0/13A verloor met 58 lopies teen L/s Tygerpoort
0/12A wen met 66 lopies teen L/s Tygerpoort

**16 September 2021**
0/9A wen met 10 paaltjies teen L/s Tygerpoort
0/9B wen met 10 paaltjies teen L/s Tygerpoort
0/10B wen met 28 lopies teen L/s Tygerpoort
0/10A wen met 5 lopies teen L/s Tygerpoort

**17 September 2021**
0/11B wen met 7 paaltjies teen L/s Tygerpoort

**20 September 2021**
0/11B wen met 10 paaltjies teen L/s Villieria
0/12B wen met 128 lopies teen L/s Villieria
0/13B verloor met 89 lopies teen L/s Villieria

**21 September 2021**
0/12A wen met 8 paaltjies teen L/s Villieria
0/13A wen met 5 paaltjies teen L/s Villieria
0/10B wen met 102 lopies teen L/s Villieria

**22 September 2021**
0/9A wen met 174 lopies teen L/s Villieria
0/9B wen met 10 paaltjies teen L/s Villieria
0/13A verloor met 350 lopies teen L/s Midstream

**TENNIS**
**Uitslae is soos volg**

**23 Augustus 2021**
Seuns oop 2e wen 49/6 teen L/s Tygerpoort
Seuns 0/11 1e verloor 13/42 teen L/s Anton van Wouw
Seuns 0/11 2e wen 49/6 teen L/s Hennopspark
Dogters oop 1e wen 31/14 teen L/s Wierdapark

**30 Augustus 2021**
Seuns oop 1e wen 45/10 teen L/s Constantiapark
Seuns oop 2e wen 41/14 teen L/s Swartkop
Seuns 0/11 1e verloor 12/43 teen L/s Pta-Oos
Seuns 0/11 2e wen 42/13 teen L/s Monumentpark
Dogters oop 1e wen 42/13 teen L/s Louis Leipoldt

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

**6 September 2021**
Seuns oop 2e wen 46/9 teen L/s Wierdapark
Seuns 0/11 1e wen 34/21 teen L/s Lynnwood
Seuns 0/11 2e wen 38/17 teen Midstream College
Dogters oop 1e wen 46/9 teen L/s Monumentpark

**13 September 2021**
Seuns oop 1e wen 52/3 teen L/s Stephanus Roos
Seuns 0/11 1e wen 31/24 teen L/s Tygerpoort
Seuns 0/11 2e wen 40/6 teen L/s Wierdapark
Dogters oop 1e wen 40/15 teen L/s Constantiapark

**20 September 2021**
Seuns oop 1e wen 49/6 teen L/s Die Poort
Seuns oop 2e wen 38/17 teen L/s Hennopspark
Seuns 0/11 1e verloor teen Curro Hazeldean
Seuns 0/11 2e wen 55/0 teen Midstream Ridge
Dogters oop 1e wen 43/12 teen Midstream College

**SKAAK**
**Uitslae 0/11 Ontwikkelings Afdeling, 28 Augustus 2021**
EP vs Midstream Ridge A - verloor
EP vs Maragon - gelykop
EP vs Midstream Ridge B - verloor
Span se eerste wedstryde, mooi gespeel!

**Skaak wedstryde: Saterdag 4 September 2021**

**o/9(1) Ontwikkelings Afdeling**

| Rondte | Skole | Uitslag |
|---|---|---|
| **1** | EP vs CP | EP wen 6/0 |
| **2** | EP vs Maragon | EP wen 5/1 |
| **3** | EP vs Menlopark B | EP wen 5/1 |
| **4** | EP(1) vs EP(2) | EP(1) wen 4.5/1.5 |
| **5** | EP vs Wierdapark | EP wen 4/2 |

**o/9(2) Ontwikkelings Afdeling**

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

| Rondte | Skole | Uitslag |
|---|---|---|
| **1** | EP vs Menlopark | EP wen 4/2 |
| **2** | EP vs Wierdapark | EP verloor 2/4 |
| **3** | EP vs Maragon | EP wen 3.5/2.5 |
| **4** | EP vs CP | EP wen 5.5/.5 |

Baie geluk o/9 skaakspelers, jul het soos kampioene gespeel.

**Skaak: Individuele Proewe o/13 Seuns wat op 4 September plaasgevind het.**

| Speler | Gr | Resultate |
|---|---|---|
| Josh Jooste | 6R | Wen 4 uit 7 spelle |
| Donovan Grobler | 6D | Wen 3 uit 7 spelle |
| Kagan Webb | 6U | Wen 3 uit 7 spelle |

**Skaak: D4 Liga-Uitspele 11 September 2021**

| **o/9 A-Liga** Spanbestuurder: Me Cornelli Smit | | |
|---|---|---|
| 1 | EP wen Swartkop | 4-2 |
| 2 | EP wen Menlopark | 6-0 |
| 3 | EP wen Anton van Wouw | 5-1 |
| 4 | EP wen Monumentpark | 5-1 |
| **Semi-finaal** | | |
| 5 | EP gelykop Wierdapark | 3-3 |
| **Finaal** | | |
| 6 | EP verloor Crawford | 2-4 |
| **EP - Naaswenner van D4 o/9 A-Liga** | | |

LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word
Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

| **o/11 A-Liga** | Spanbestuurder: Me Bea Greyling | |
|---|---|---|
| 1 | EP wen Constantiapark | 5-1 |
| 2 | EP gelykop Monumentpark | 3-3 |
| 3 | EP verloor Crawford | 1-5 |
| **Semi-finaal** | | |
| 4 | EP verloor Wierdapark | 1-5 |
| **EP - Eindig 3de van D4 o/11 A-Liga** | | |

| **o/13 A-Liga** | Spanbestuurder: Me Surita Burger | |
|---|---|---|
| 1 | EP wen Wierdapark | 4-2 |
| 2 | EP wen Monumentpark | 5-1 |
| 3 | EP wen Constantiapark | 4.5-1.5 |
| 4 | EP verloor Swartkop | 2.5-3.5 |
| **Semi-finaal** | | |
| 5 | EP wen Midstream | 6-0 |
| **Finaal** | | |
| 6 | EP verloor Crawford | |
| **EP - Naaswenner van D4 o/13 A-Liga** | | |

Baie geluk Lardie skaakspelers, ons is trots op julle.
Al drie spanne eindig onder die top 3 spanne van D4.
Beste resultate nog in die geskiedenis van L/s EP-skaak.

**Die volgende leerders is uitgenooi na die Etienne Lewis skaaktoernooi wat ook dien as die Proewe vir GN-skaak, wat plaasvind eerskomende naweek.**

Josh Jooste Gr 6R
Lydia Theron Gr 5S
Chay Karsten Gr 5 A
Marko Coetzee Gr 4S

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

**Tel:** (012) 345 1031
**Faks:** (012) 345 4819
**Epos:** info@lardies.co.za
**Webwerf:** www.lardies.co.za

Liam de beer Gr 4R
Carla Theron Gr 3E
Oban Minny Gr 2P
Lunka Minny Gr R

**SKOOL SLUIT**
Die skool sluit Vrydag, 1 Oktober om 10:00. Ons wens vir elke gesin ‘n heerlike rustyd toe.

**Vriendelike Lardie-groete**

**ME H BARKHUIZEN**
**ADJUNKHOOF**

**MNR T HUMAN**
**SKOOLHOOF**

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

**Tel:** (012) 345 1031
**Faks:** (012) 345 4819
**Epos:** info@lardies.co.za
**Webwerf:** www.lardies.co.za

Opsoek na die perfekte verjaarsdag idee vir jou kind?
Kids Slumber Parties help gerus met n' onvergeetlike oorslaap partytjie

Vir meer inligting:
071 209 2023

Vir Oorslaap Partytjie idees, loer gerus na ons blad:
KidsSlumberParties

PLAKKERS
merk alles, merk enigiets
071 514 9307
plakkers@onshuis.web.za